## Lesing 18 - 26 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Deuteronomium 30 (vervolg)

*30:11 Want hierdie Gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie.*

*30:12 Sy is nie in die Hemele nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die Hemele opklim en haar vir ons gaan haal en ons van haar laat hoor, en ons haar kan doen? [Wysheid van Sirag 33:8, 24:10, 19:20 ]*

*30:13 Sy is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en haar vir ons gaan haal en ons van haar laat hoor, en ons haar kan doen? [Wysheid van Sirag 15:1-3, Wysheid van Salomo 6:18 ]*

*30:14* ***Maar baie naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart, om haar te doen****.*

*30:15 Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die suiwerheid, en die Dood en die besoedeling.*

*30:16 Wat ek jou vandag beveel, is om JaHWeH jou Elohey lief te hê, in Sy Weë te wandel en Sy Gebooie en Sy Insettinge en Sy Regsprake te hou,* ***sodat jy kan lewe en vermenigvuldig*** *en JaHWeH jou Elohey jou mag* ***seën in die Aarde*** *waarheen jy gaan om haar in besit te neem.*

*30:17 Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor gode van andere neerbuig en hulle dien,*

*30:18 dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng op die Adamah [adamiet se Aarde]* ***waarheen jy oor die Jordaan trek*** *om haar in besit te gaan neem nie.*

*30:19 Ek neem vandag die Hemele en die Aarde as getuies teen julle; Lewe en Dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan Lewe, dat jy kan lewe, jy en jou saad,*

*30:20* ***deur JaHWeH jou Elohey lief te hê, na Sy Stem te luister en Hom aan te hang****; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae,* ***sodat jy kan woon op die Adamah[adamiet se Aarde] wat JaHWeH aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het*** *om haar aan hulle te gee.*

***Johannes_8:56*** *Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy My dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.*

“DIT is die Voleinding van MY Ewige Belofte aan julle, MY Huis van Judah en ook aan MY Huis van IsraEL! **Vanuit MY Klipwiel, spreek EK, MY LEWENDE KLIPWIEL!** EK toets die harte en niere van julle elkeen in hierdie Tyd van Benoudheid, maar EK stel julle voor ‘n keuse van Barmhartigheid. **Julle moet die Trooster, julle Moeder, wat EK vir julle gegee het gehoorsaam in en deur MY, julle VADER en ELOHIM! EK IS die ELOHIM van Abraham, Isak en Jakob!** EK IS! Hier is MY Verordeninge van LIEFDE aan julle en neem dan die besluit: Ewige LEWE of dood! MY Koninkryk is LEWE en geen dood kan daar bestaan nie.

Wend julle aangesigte af van julle sportgode en geldgode! Verwerp die haatlike dade van julle broers en susters, maar verwerp nooit hulleself nie. As julle nie mekaar kan vergewe nie, dan kan EK julle nie vergewe nie. Twis nie verder oor nietighede nie, want EK soek eensgesindheid! Fokus julle gedagtes nie meer op valse hoop vanuit die wêreld nie, kyk op na MY! Suiwer julle siele en bewerk julle harte! Maak skoon! Buig nie voor afgode en beelde nie, want dit is gruwelik voor MY! Wandel in MY LIEFDE soos EK dit keer op keer aan julle verduidelik en getoon het. Meng nie verder met die besoedeling en gruwels van die wêreld om julle nie! Vermeng en verbaster nie verder nie! Keer terug na MY! Breek julle huise wat op sand gebou is af, want julle huise is hoerhuise van die siele moordenaar! Bou vir MY ‘n Huis van LIEFDE!

**LIEFDE, vergewe en vergeet**. **LIEFDE, ontferm oor die armes en siekes. LIEFDE, is ‘n WERK, dié WERK, MY WERK!** Dit is nie net ‘n lewelose woord nie! LIEFDE is ‘n Wil en Daad as EEN! EDEL IS DIE HART WAT HIERDIE LIEFDE, MY LIEFDE, WAT EK IS, VERKIES! Word LIEFDE, omvorm julle wese tot LIEFDE, want sonder LIEFDE kan julle nie die Jordaan oorsteek nie. LIEFDE volg LIEFDE!

Kies LIEFDE, vanuit MY, wat EK IS, en MY Ewige Beloftes en Seëninge van MY **Deuteronomium 28 tot 30** word julle WERKLIKHEID IN MY, julle Liefdevolle VADER! EK IS, EK IS GETROU. Nou sê EK vir julle: VOLG MY!

MY kind, kyk! Kyk na MY Magtige Jordaan! KYK!”

Exodus 23

*20 Kyk, Ek stuur* ***'n Boodskapper voor jou uit*** *om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. [Exodus 32:34; 33:2; JeshaJaH 37:36; JeségiEl 1:28; 43:6]*

*21 Neem jou in ag vir Hom en* ***luister na Sy Stem****;* ***wees nie opstandig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie verskoon nie, want My Naam is in Hom.*** *[2 Ezra 1:4, 5; 10:27]*

*22 Maar as jy terdeë na* ***Sy Stem*** *luister en alles* ***doen wat Ek sal sê****, sal Ek die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees.*